SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
LIMPOPO

Limpopo Nuusbrief | Newsletter

20/2019

19/07/2019

t: 012 436 0900 / e: saoulim@saou.co.za / w: www.saou.co.za

ONDERWYS ASSISTENTE/ STUDENTE IN FINALE JAAR VAN STUDIE	***TEACHER ASSISTANTS/ STUDENTS IN FINAL YEAR OF STUDY***
SAOU (Limpopo) wil graag alle onderwysstudente en – assistente wat tans in hulle finale jaar van studie is van hulp wees in hulle soeke na die geskikte werkplek volgende jaar. Daarom versoek ons dat diegene wat nog nie verseker is van 'n skool waar hulle volgende jaar in diens gaan wees nie, om die SAOU onverwyld te kontak met die volgende besonderhede: 1. Naam en Van 2. Voorkeurkeuses van skole in die Limpopo provinsie (noem ten minste 3) 3. Volledige CV (alle tersaaklike ondervinding) 4. Kwalifikasie (fase en spesialisvakke) 5. Beurshouer of nie? 6. SAOU lid? 7. Tydelike SARO registrasie? Die SAOU (Limpopo) onderneem om skole en studente by te staan sodat vakante poste gevul kan word met geskikte kandidate. Bostaande inligting kan na die volgende epos adresse gestuur word: • wilmah@saou.co.za • Vvvlim@saou.co.za • Saoulim@saou.co.za **Merk jou epos: "Finale jaar student"**	*SAOU (Limpopo) would like to assist all education students and teachers' assistants currently in their final year of study in their search for the appropriate workplace next year. Therefore, we request that those who are not yet certain of a school where they will be employed next year, to contact the SAOU immediately with the following details:* 1. *Name and Surname* 2. *Preferential choices of schools in the Limpopo province (name at least 3)* 3. *Full CV (all relevant experience)* 4. *Qualification (phase and specialist subjects)* 5. *Bursary holder or not?* 6. *SAOU member?* 7. *Temporary SACE registration?* *The SAOU (Limpopo) undertakes to assist schools and students so that vacant posts can be filled with suitable candidates.* *The information requested can be forwarded to the following email addresses:* • *wilmah@saou.co.za* • *Vvvlim@saou.co.za* • *Saoulim@saou.co.za* ***Subject your email: "Final year student"***
SARO KANTORE IN LIMPOPO	***SACE OFFICES IN LIMPOPO***

Lede sal onthou dat in Limpopo Nuusbrief 15 is melding gemaak van SARO se kantore wat in Polokwane geopen het. Die kantore word gehuisves op die gronde van HTS Tom Naudé. Opvoeders wat daardie kantore besoek moet egter nie gebruik maak van die hoofingang na HTS Tom Naudé toe nie, maar moet die hek in Dap Naudé straat gebruik. Die kantore verrig al die funksies wat die hoofkantoor in Centurion doen. Om kontak te maak met die kantore in Polokwane, moet die gewone nommer 012 – 663 9517 gebruik word. U moet dan vra om deurgeskakel te word na die Limpopo (Polokwane) kantoor	*Members will remember that in Limpopo Newsletter 15, mention was made to SACE's offices which opened in Polokwane. The offices are housed on the grounds of HTS Tom Naudé. However, educators visiting those offices should not use the main entrance to HTS Tom Naudé, but should use the gate in Dap Naudé Street. The offices perform all the functions that headquarters in Centurion do. To make contact with the offices in Polokwane, use the regular number 012 - 663 9517. You must then ask to be transferred to the Limpopo (Polokwane) office.*
VERSKYNING VAN GESLOTE VAKATURELYS	***PUBLISHING CLOSED VACANCY LIST***
Lede weet reeds van vroeg vanjaar af dat die LDO besluit het om so ver as moontlik die oortollige opvoeders te herontplooi in vakature wat bestaan op die 2019 posvoorsienings. Daardie proses was veronderstel om teen einde Maart afgehandel te wees by al die distrikte. Helaas, dit is nog nie afgehandel nie. Op 28 Junie het die Limpopo RAVO onderhandelingskamer die besluit geneem die LDO se hoofkantoor die proses moet oorneem en afhandel teen einde September. Baie van die lede het dalk onlangs gehoor van ‘n vakaturelys wat gaan verskyn in Limpopo. Dit is waar. Die betrokke vakaturelys gaan wel verskyn **maar** dit gaan ‘n **geslote** vakaturelys wees. Dit sal vakante poste van posvlak 1 – 3 bevat. Dit behels die volgende: 1. Slegs opvoeders wat amptelik oortollig verklaar is mag aansoek doen vir die poste wat hierin geadverteer word. 2. Diesulke opvoeders kan vir enige gelykwaardige pos aansoek doen, maw indien opvoeder op posvlak 1 is, mag hy/ sy slegs vir posvlak 1 poste aansoek doen, ens. 3. Geen hoofposte sal in hierdie geslote vakaturelyste verskyn nie. 4. Hierdie vakaturelys kan nie gebruik word om vir bevorderingposte aansoek te doen nie, selfs al het die opvoeder ondervinding van posvlakke hoër as die een wat hy/ sy tans beklee. 5. Die gewone proses sal steeds geld (sien KO 4 van 2016); die beheerliggaam van die skool	*Members already know from the start of this year that the LDE has decided to redeploy the excess educators as far as possible in vacancies that exist on the 2019 post provisioning. That process was supposed to be completed by the end of March by all districts. Unfortunately, it has not yet been finalized. On June 28, the Limpopo ELRC Chamber took the decision that the LDE's head office should take over and finalize the process by the end of September. Many of the members may have recently heard of a vacancy list that will appear in Limpopo. It is true. The relevant vacancy list will indeed be circulated **but** it will be a **closed** vacancy list. This will include vacant posts from post level 1 - 3. It involves the following:* 1. *Only educators who are officially declared in excess may apply for the posts advertised herein.* 2. *Such educators can apply for any equivalent post, i.e. if the educator is on post level 1; he / she may only apply for post level 1 posts, etc.* 3. *No principals' posts will appear in these closed vacancy lists.* 4. *This vacancy list cannot be used to apply for promotion posts, even if the educator has experience of post levels higher than the one he / she currently holds.* 5. *The normal process will still apply (see CA 4 of 2016); the school governing body conducts interviews with the applicants and decides*

doen die onderhoude met die aansoekers en besluit of die opvoeder/ s geskik is vir die betrokke vakante pos/ poste. **NB!!** SAOU lede wat tans op die lys van oortollige opvoeders in Limpopo is, word hiermee versoek om die SAOU (Limpopo) te kontak vir enige hulp en advies. Ons sal u met graagte bystaan in die proses van herontplooiing.	*whether the educator / s are suitable for the vacant post (s) concerned.* ***NB!!*** *SAOU members currently on the list of excess educators in Limpopo are hereby requested to contact the SAOU (Limpopo) for any assistance and advice. We will be happy to assist you in the process of redeployment.*
SAOU VS LIMPOPO DEPARTEMENT VAN ONDERWYS (LDO)	***SAOU VS LIMPOPO DEPARTMENT OF EDUCATION (LDE)***
Die SAOU (Limpopo) het 'n geruime tyd terug begin met litigasie teen die LDO rakende 2 sake van growwe nalatigheid aan die kant van die LDO. 1. Daar is steeds 8 SAOU lede wat nog nooit vergoed is vir koshuisdiens wat hulle tussen 2011 en 2017 gedoen het nie. Daar was aanvanklik 26 lede gelys, maar 18 lede is intussen vergoed deur die LDO en toe word die betalings weer gestaak. 'n Aansoek is voor die Arbeidshof gebring en daardie saak gaan op 4 September in die Polokwane hof aangehoor word. Ons sal diegene wat hierby betrek is op hoogte hou. 2. Die weiering van die LDO om ALLE vakante poste wat verklaar is op die 2019 posvoorsienings te adverteer in 'n OOP vakaturelys het die SAOU (Limpopo) genoop om ook hierdie saak na die hof te verwys. Onderwysdepartemente het volgens wet 'n verpligting om die poste soos deur hulself verklaar, te vul met geskikte kandidate. Die verskoning van die LDO dat die Provinsiale Tesourie weier om fondse beskikbaar te stel vir die vulling van hierdie poste is niks anders as 'n vertragingstegniek nie en in hierdie geval glad nie in die belang van onderwys in die provinsie nie. Hierdie saak het nog nie 'n hofdatum nie. Lede sal ook in die verband op hoogte gehou word.	*The SAOU (Limpopo) has started with litigation some time ago against the LDE regarding 2 cases of gross negligence on the part of the LDE.* *1. There are still 8 SAOU members who have never been reimbursed for hostel duties performed between 2011 and 2017. Initially 26 members were listed, but 18 members have since been compensated by the LDE and then the payments were discontinued. An application was brought before the Labour Court and that case will be heard in the Polokwane court on 4 September. We will keep those involved up to date.* *2. The LDE's refusal to advertise ALL vacant posts declared on the 2019 post provisioning in an OPEN vacancy list prompted the SAOU (Limpopo) to refer this case to court as well. Education departments have a duty to fill the posts declared by themselves with suitable candidates. The excuse of the LDE that the Provincial Treasury refuses to make funds available for filling these posts is nothing but a delaying technique and in this case not at all in the interest of education in the province. This case does not yet have a court date. Members will also be kept informed in this regard.*